# MADAGASKAR SENDING/MADAGASCAR MISSION: DESEMBER 2022 NUUSBRIEF/NEWSLETTER

**Openbaring 5:9**- Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie.

## OM MEE TE BEGIN...

Groete aan al ons vriende in Christus. Ek en Annetjie se harte loop oor van vreugde as ons daaraan dink hoe goed die oorgee van die werk aan Leon en Carmen verloop. Sover gaan alles volgens plan en ons is baie dankbaar dat hulle ons plek as medewerkers van Pastoor Jonoro kan gaan volstaan.

Hulle gaan ook by baie meer aktiwiteite betrokke wees as gevolg van Leon se spesifieke roeping as 'n sending-mobiliseerder en "discipleship trainer". Sy visie is om die kerk toe te rus met 'n hart vir God se Sending en die nodige vaardighede om uit te reik na onbereikte Moslem-groepe met die liefde van Christus.

Hierdie roeping is die grondslag vir hulle werk wat op die "Karanas", 'n onbereikte, maar invloedreike groep in Madagaskar sal fokus. As die Here wil, vertrek hulle in Junie 2023. Hulle gaan vir oriëntasie in Kenya en dan na Mahajanga waar hulle by die AIM (Africa Inland Mission) se "Inbound" span sal aansluit. Ons vertou dat hulle ook so 'n verykende ervaring soos ons in Madagaskar sal beleef.

Ons hoop dat almal van die nuwe uitleg van die nuusbrief sal hou en lekker saam sal lees oor hoe God Sy Sending, deur Sy Kerk voortsit, beide in Madagaskar en ander lande in Afrika.

Mag Openbaring 5:9 ons hoop en visie vir 2023 wees.







OPENBARING 5:9 IS DIE VERVULLING VAN ONS HOOP, OM TE BESEF WAT ONS ERFENIS IN CHRISTUS IS, DIE MOTIVERING VIR HIERDIE LEWE!

# NUUS VAN DIE VELD

Ons is baie dankbaar vir die vordering wat gemaak is met die opleiding van inheemse sendelinge. Ons glo dit is die toekoms van sendingwerk in Afrika. Daar is 'n kritiese nood om plaaslike sendelinge te bemagtig om onafhanklik van buitelanders te kan werk. Die kerk is nog jonk en daar lê nog 'n lang pad voor, maar ons bly vol hoop dat hierdie visie 'n werklikheid sal word.

Meer as 11 van die sendelinge by wie ons betrokke was met Bybel- en leierskap-opleiding is al werksaam as voltydse sendelinge. Die volgende verslae getuig verder hoe die Here sy Kerk, toerus met Sy Gees, vir die uitbreiding van Sy Koninkryk:

- Daar was 'n 2-weke se klaskamer-opleiding wat pastoor Jonoro en sy span in September kon aanbied vir diegene wat nie die 6 maande opleiding kon bywoon nie. Hulle pas reeds hul vaardighede in verskillende geografiese areas toe.
- Daar is reeds 15 nuwe registrasies (uit verskillende streke) vir die nuwe 6 maande kursus in Januarie 2023 ontvang . Hierdie jaar was daar 25 studente opgelei en ons vertrou dat daar weer 25 of meer sal inskryf vir 2023.


**Gebedsversoeke:**

- Vir al die werk in die verskillende streke sowel as die werkers wie getrou dien ten spyte van baie moeilike omstandighede.
- Die droogte in die "deep-south" veroorsaak steeds erge armoede en hongersnood. Mag die Here beide sy verlossing in die harte van die mense en sy genesing van die land in hierdie streek laat geskied. Sien hierdie YouTube video- https://youtu.be/TVQm5lTRMO0 vir meer insig.





2 WEKE OPLEIDING IN TOLIARA



'N NUWE AREA IN DIE "DEEP SOUTH" EN VOHIPENO WAAR JONORO EN VAN SY SPAN NUWE LEIERS, BESOEK, BEMOEDIG EN OPLEI.







NUWE GEMEENTE BY DIE MASIKORO IN SUID-WESTE (MIKEA BOS)

# PASTOOR JONORO DEEL SY HART MET ONS

Pastoor Jonoro se hoop vir die kerk in Madagaskar bly nog steeds dat God se “hart” en visie vir alle mense-groepe in die hart van die Malgassiese kerk gevestig sal word en dat elke stad, dorp en stam in Madagaskar bereik sal word met die Evangelie. Sy visie is dat die Malgassiese kerke gemobiliseer sal word sodat Madagaskar ‘n sturende land sal word.

Hy bly vol vertroue dat hierdie visie volbring sal word deur:

- Die uitreik na nuwe areas en onbereikte groepe en met die doel om missionale kerke te plant.
- Nuwe dissipels te lei in hul verhouding met Christus sodat hulle die lig tussen hulle eie stamme en wyer kan wees.
- Die opleiding en ontwikkeling van nuwe leiers in daardie areas.
- Die strategiese groei van die plaaslike "missions force".

**Gebeds-punte:**

- Bid asseblief vir wysheid en dat die kerk in staat sal wees om hierdie werk voort te sit.
- Bid vir gesondheid en krag.
- Bid asseblief vir die regte mense om die visie voort te sit.
- Bid ook vir finansies vir die reis en verblyfkoste van die studente, om die uitgeplaasde sendelinge te gaan besoek, om die mobiele opleiding te kan aanbied, as ook vir familie behoeftes soos skoolgelde en lewenskoste.
- Bid ook asseblief vir krag om die probleme en uitdagings wat Satan op hulle pad bring die hoof te bied.

Pastoor Jonoro en Hanitra is altyd so dankbaar vir almal se getroue en opofferende ondersteuning.

Mag Sy Koninkryk kom!

# LEON EN CARMEN DEEL OOK MET ONS. IN ENGELS NOGAL...

Let's start with some great news on the personal front. It is with great thankfulness to the Lord for His providence and appreciation for your faithful prayer support, that we are glad to share the news that Riley's adoption order has finally been granted. We still await the final certificate from the Registrar of Adoptions, only after which we will be able to apply for Riley's passport at Home Affairs. With all the challenges currently facing our government institutions much prayer is still needed to ensure that these processes are completed before our planned departure in late June 2023.

Regarding ministry activities, it has also been an eventful couple of months. A few highlights are:

- Coordinating the opening of the "Africa on Mission Prayer Project" which is being hosted at the Andrew Murray Centre in Wellington. This missions exhibition focuses on both Africa's legacy and future in missions and is aimed at inspiring the church in Africa to become meaningful participants in God's global redemptive agenda.
- Launching a new missions mobilisation training programme called With God on Mission in Nsumbu, Northern Zambia alongside our ministry partners there was a great honour. The time spent presenting Muslim evangelism training in Madagascar earlier this year, really assisted in adapting this aspect of the training so that it could become more contextually relevant and more easily transferrable for the participants. It is hoped that this programme would make missions training more accessible, affordable and practical for the church in Africa.

Please pray for the sustainability of these initiatives and that they would produce much fruit for God's Kingdom.

We trust that everyone would enjoy a blessed Christmas celebration, sharing the Good News of God who has come to be with us.





WITH GOD ON MISSION TRAINING-NSUMBU




FAMILY CELEBRATION OUTSIDE COURT AFTER ADOPTION ORDER WAS GRANTED

THE AFRICA ON MISSION PRAYER PROJECT-WELLINGTON



